

27 April

Hou vas aan die betroubare Woord wat volgens die leer is

Skrifgedeelte: Titus 1:1-15 (OAV)

Fokusgedeelte: Titus 1:9, 10, 11

Wanneer dwaalleraars hulle verleidende werke in die Christelike kerke aanpak, kom hulle gewoonlik met die sogenaamde vroom argument dat dit vir hulle net gaan om wat die Bybel sê. Van dogmas of belydenisskrifte wil hulle niks weet nie, want dit is mos deur mense opgestel. Dit klink so vroom en word dikwels deur Christene wat nie hieroor ingelig is nie, simpatiek bejeën.

Maar kom ons kyk wat die apostel Paulus hieroor sê. Hy dra aan Titus die taak op in sy brief om orde te skep in die jong gemeentes in Kreta wat ook 'n teiken geword het van dwaalleraars. Hy moet in die jong kerke ouderlinge aanstel om te sorg vir die goeie orde in die kerke en om die dwaalleraars te bestry.

Hy noem ook 'n hele reeks eienskappe wat daardie ouderlinge moes hê. Die belangrikste eienskap is dat 'n ouderling iemand moes wees wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan, sowel as om die teësprekers te weerlê.

Met die betroubare woord wat volgens die leer is, bedoel Paulus nie die geopenbaarde woord van God nie, maar die gepredikte woord. Die leer is opgestel deur die kerk op grond van die geopenbaarde woord van God. Daarom moet die gepredikte woord volgens die leer wees. Dan is dit 'n betroubare woord waarmee ook die dwaalleraars weerlê kan word.

Ons mag dus nooit koud en afsydig staan teenoor die dogmas of belydenisskrifte van ons kerk nie. Dit is leerstukke wat deur die kerk van die Here onder leiding van die Heilige Gees op grond van die geopenbaarde woord van God opgestel is. Die ampsdraers in die kerk moet die Woord volgens die leer verkondig. Daarom moet hulle ook telkens ná hulle bevestiging in die amp hulle verbintenis aan die leer met hulle handtekening bevestig.

Sing: Psalm 119:39 (Totius)

Prof. Louis Botha (Emeritus)